Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, February 16, 2020
Page: 5

# Taks op salaris oorsee gou hier

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Mense wat buitelandse inkomste verdien, het nog so twee weke oor in hul belastingparadys voordat Jan Taks toeslaan.

Ek kyk vandag na 'n paar vrae daaroor. Hoe raak dit jou? Wat moet jy doen? Is dit regtig so erg?

Die 2017-Belastingwysigingswet bepaal dat vergoeding verdien deur 'n werknemer van 'n maatskappy in die buiteland vanaf 1 Maart vanjaar belasbaar sal wees, al word daar voldoen aan al die vereistes van art. 10(1)(o)(ii) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962), wat sulke inkomste vrystel.

Die "regverdiging" van die tesourie vir die belasting is nogal ironies. Dit is (onder meer) omdat werknemers van staats- en semi-staatsinstellings nie die belastingvrystelling kan kry nie. Natuurlik vergeet die boggers dat die rede waarom baie mense hul inkomste-toevlug in die buiteland gaan soek, juis is omdat die regering en sy lakeie werkafbakening toepas en velkleur of baantjies vir boeties hoër ag as vermoë.

Maar kom ons praat nie politiek nie, dit maak my net kwaad. Die troos vir diegene op wie die wet van toepassing is, is dat dit net vergoeding van meer as R1 miljoen is wat vanaf 1 Maart hier belasbaar sal wees. Lees tog reg hier, ek verwys na vergoeding, nie inkomste nie.

> “Die tesourie se ‘regverdiging’ hiervoor is nogal ironies.

En dit is vergoeding verdien as 'n buitelandse werknemer van 'n maatskappy. 'n Salaris met ander woorde. Inkomste, ooreenkomstig die wetsartikel, is nie en was nog nooit vrygestel nie. Ander bronne van inkomste, byvoorbeeld as jy as kontrakteur in die buiteland werk, is nie vrygestel nie.

Jou beleggings in die buiteland is ook hier belasbaar, al is die belegging gedoen met belastingvrye buitelandse geld. Ek dink hier wag nog 'n groot belastingskok vir baie mense wat dink hulle steek geld weg vir Jan Taks deur dit in die buiteland te belê. Ons belastingwette vereis dat jy alle inkomste wêreldwyd jaarliks verklaar, ingesluit die belastingvrye vergoeding. Onder vrystellings trek jy dit af, maar dit moet verklaar word.

En vir dié wat paniekerig is oor die nuwe belasting? Eerstens, moenie wees nie. Soos ek hierbo noem, dit is net die bedrag bo R1 miljoen wat belasbaar word. En verder, dit geld mos eers jou belastingopgawe vanaf die 2021-belastingjaar. Jou vergoeding verdien tot einde Februarie vanjaar, mits jy aan die vereistes voldoen het, is nog steeds alles belastingvry!

Ter wille van diegene wat saam op loop geraak het met die gedagte van finansiële emigrasie as oplossing, loop lig dat jy nie om die bos gelei word nie. Lesers wat die rubriek gereeld volg, sal onthou dat ek in Maart verlede jaar hieroor geskryf het. Kortliks, jy gaan jou verblyfstatus hier moet kanselleer en in jou nuwe land as belastingbetaler moet registreer.

Jy verbreek dus al jou bande met Suid-Afrika. En boonop betaal jy kapitaalwinsbelasting (KWB) op jou bates hier, asof jy dit die vorige dag van die hand gesit het. Uitgesluit hiervan sal wees vaste eiendom, maar dit is omdat KWB ter sprake kom sodra jy dit van die hand sit. Pensioenfondsvoordele is ook uitgesluit, maar wanneer jy aftree, sal jy inkomstebelasting op jou pensioen betaal.

Jan Taks gee niks weg nie.

Behalwe die belasting op die eerste R1 miljoen wat jy as vergoeding in die buiteland ontvang.

Wees bly. Hier betaal ons tot 45% en ons moet daagliks met die ANC-geïnspireerde misdaad, korrupsie en verwaarlosing opgeskeep sit.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.